

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

HANDELSREG SG

POSSIBLE ANSWERS OCT / NOV 2006

**VRAAG 1
VERPLIGTEND**

- | | | |
|--------|--|-----------|
| 1.1 | | |
| 1.1.1 | Mondelings
gedrag / estoppel | |
| 1.1.2 | Gesekwestreer | |
| 1.1.3 | Deregistrasie | |
| 1.1.4 | Sessie | |
| 1.1.5 | Afslaer | |
| 1.1.6 | Skuldeiser | |
| 1.1.7 | Borgkontrakte
retensieregte
pande / verbande | |
| 1.1.8 | onafhanklike kontrakteur
diensbode / werknemer | 12x1=(12) |
| | | |
| 1.2 | | |
| 1.2.1 | Waar | |
| 1.2.2 | Onwaar – datum van registrasie | |
| 1.2.3 | Onwaar – vrye oorskot | |
| 1.2.4 | Onwaar – wederkerige testament | |
| 1.2.5 | Onwaar – nemer / begunstigde | |
| 1.2.6 | Waar | |
| 1.2.7 | Onwaar – Sertifikaat van Inlywing | |
| 1.2.8 | Onwaar – nuttige aanhegtings | |
| 1.2.9 | Waar | |
| 1.2.10 | Waar | (26) |
| | | |
| 1.3 | | |
| 1.3.1 | B | |
| 1.3.2 | D | |
| 1.3.3 | C | |
| 1.3.4 | F | |
| 1.3.5 | A | |
| 1.3.6 | E | (12) |

VRAAG 2 VENNOOTSKAPPE

- 2.1 2-20 persone NB (Merk slegs eerste drie kenmerke waar kandidaat "raai" bv. 6 of 7 gee)
Bydraes kan bestaan uit kapitaal en arbeid
Die doel is om wins te maak 3x2=(6)
- 2.2 **Stille / slapende / rustende vennoot**
- Ontstaan as twee of meer persone ? vennootskap in slegs een van die persone se naam aangaan
 - Hierdie vennoot stort net ? bepaalde bedrag in die vennootskap.
 - Hierdie vennoot mag hom / haar nie inmeng met die bestuur of beheer van die vennootskap nie.
 - Nie bekend aan die publiek nie
 - Hierdie vennoot is verplig om sy / haar pro rata-deel van die verliese te dra.
 - Hierdie vennoot mag in geen omstandighede vir meer as sy kapitaalbydrae aanspreeklik wees nie, tensy hy as gewone vennoot bekend word.
 - Hierdie vennoot het wel die reg op insae in die boeke van die vennootskap. 4x2=(8)
- 2.3 **Die reg op ? deelname in die wins**
- * Elke vennoot het ? aanspraak op ? deel van die wins soos en wanneer dit van tyd tot tyd bereken word.
 - * Dit word normaalweg in die vennootskapskontrak uiteengesit
 - * Geen vennoot mag uitgesluit word van winsdeling nie.
 - * Indien daar geen ooreenkoms bestaan waarvolgens die wins verdeel moet word nie, word dit pro rata verdeel.
 - * Winste kan ook gelykop verdeel word.
 - * Vennote is nie geregtig op rente op kapitaal of enige ander vorm van vergoeding nie, behalwe wanneer daar vooraf ooreengekom is. 4x2=(8)
- 2.4 **Pligte om verantwoording (goeie trou) te doen**
- * Daar word van elke vennoot die hoogste mate van goeie trou vereis.
 - * ? Vennoot moet aan sy mede-vennote rekenskap gee van enige winste wat hy/sy sou ontvang het as gevolg van die werksaamhede van die vennootskap.
 - * Geen vennoot mag geheime winste vir hom/haar neem nie.
 - * ? Vennoot moet ook verantwoording doen van enige bates van die vennootskap wat hy in sy besit gehad het.
 - * Alle inligting wat tot voordeel van die vennootskap kan strek, moet aan die vennote meegedeel word.
 - * ? Vennoot se belange mag nie bots met dié van die vennootskap nie.
 - * Wanneer ? vennoot beheer het oor administrasie moet hy/sy jaarliks ? rekening daarvan opstel. 4x2=(8)

Ander pligte van vennote

- 1 Elke vennoot moet iets bydra.
- 2 Deel in netto verliese
- 3 Behartiging van gemeenskaplike belange
- 4 Die verpligting om verslag te doen en om die boeke aan inspeksie te onderwerp 2x2=(4)

2.5 Ontbinding op bevel van die hof

- * Verdwyning of langdurige afwesigheid van ? vennoot
- * Onbevoegdheid as gevolg van siekte
- * Kranksinnigverklaring van ? vennoot
- * Onmoontlikheid van samewerking tussen vennote
- * Geen hoop op verdere winste nie
- * Owerspel deur ? vennoot met sy mede-vennoot se vrou 3x2=(6)

2.6

- (a) vennootskapspolis
- (b) gesamentlik
afsonderlik
- (c) verteenwoordigheidsbevoegdheid
- (d) dit in dieselfde verhouding as die winste verdeel word 5x1=(5)

2.7

- Naam van die vennootskap
- Aard van die vennootskap
- Tydperk waarvoor aangegaan
- Gemagtigde onttrekkings
- Rente op kapitaal en onttrekkings
- Verdeling van winste en verliese
- Bestuur en gesag van vennote
- Wie is verantwoordelik vir die teken van tjeks
- Prosedure by ontbinding van die vennootskap
- Salarisse en bonusse
- Bydraes van vennote 5x1=(5)

**VRAAG 3
MAATSKAPPYE / BK'S**

3.1

- (a) Beslote korporasie
- (b) Private maatskappy
- (c) Publieke maatskappy 3x2=(6)

3.2

- 3.2.1 BK = onbepaalde voortbestaan, behalwe in geval van deregistrasie / likwidasie
- Publieke mpy = onbepaalde voortbestaan, behalwe in geval van sekwestrasie (2)

3.2.2 BK = Stigtingsverklaring
Publieke mpy = Akte van Oprigting (2)

3.3 **PROMOTORS is verantwoordelik vir die volgende:**

1. Voorbereiding van die Akte van Oprigting
 2. Voorbereiding van die statute en ander wetlike dokumente
 3. Benoeming van direkteure
 4. Verkryging van kapitaal
 5. Uitreiking van die prospektus in die geval van ? publieke maatskappy
 6. Verkryging van eiendom vir die maatskappy
 7. Bewys van betaling van registrasiegeld
- 3x2=(6)

3.4 **Wat beteken "beperk" aan die einde van die naam by publieke maatskappye?**

Dit dui aan dat die aandeelhouers net hul aandeelkapitaal kan verloor indien die maatskappy insolvent raak.

Aandeelhouers se aanspreeklikheid is beperk tot die nominale waarde van hul aandele.

1x2=(2)

3.5 **Verskille tussen ? maatskappy en ? natuurlike persoon**

MAATSKAPPY

1. Het bestaanskontinuiteit behalwe by insolvensies
2. Kan slegs boete opgelê word
3. Denkbeeldige entiteit
4. Direkteure tree namens maatskappy op
5. Mpy is aanspreeklik en nie sy lede nie
6. Bates en laste behoort aan mpy

NATUURLIKE PERSOON

1. Natuurlike persoon kom tot sterwe
2. Kan tronkstraf opgelê word
3. Fisiek waarneembaar
4. Persoon doen regshandeling self
5. Regte behoort aan persoon self
6. Bates en laste behoort aan persoon self

6x1=(6)

3.6 **Uitstaande kenmerke van 'n Beslote Korporasie**

- * Die BK is geskik vir klein tot medium-groot ondernemings.
- * ? BK het lede, nie aandeelhouers nie.
- * Die ledetal wissel van 1 tot 10 lede.
- * Die naam van die Beslote Korporasie eindig met die letters "BK" of "CC".
- * Die Beslote Korporasie het ? onbepaalde voortbestaan. Dit bly so, ongeag verandering in lidmaatskap
- * ? Stigtingsverklaring word met die totstandkoming van die BK geregistreer by die Registrateur van Beslote Korporasies.
- * Die interne verhoudings tussen lede kan in ? samewerkingsooreenkoms gereël word.
- * Lede het ? belang (%) in die BK en nie aandele nie. Die gesamentlike belang van al die lede is gelyk aan 100 persent.

4x2=(8)

3.7 **Dokumente registrasie van BK**

- * Stigtingsverklaring CK1
- * Samewerkingsooreenkoms
- * Gewysigde stigtingsverklaring CK2
- * Reservering van die naam van die BK, CK7
- * Skriftelike bewys dat die voorgeskrewe geld betaal is
- * Skriftelike toestemming van die persoon wat as rekeningkundige beampete gaan optree

2x2=(4)

3.8 Regte van lede

- Ø Om aan die bedryf van die besigheid deel te neem
 - Ø Om aan die bestuur van die BK deel te neem
 - Ø Op vergoeding vanaf die BK vir uitgawes deur hom/haar in die bedryf van die sake van die BK aangegaan
 - Ø Op ? belang in die BK wat uitgedruk moet word as ? persentasie van die totale bedrag
 - Ø Die hoeveelheid stemme (op ? vergadering) volgens sy/haar belang in die BK
 - Ø Aan elke lid word ? sertifikaat uitgereik waarin sy/haar belang in die BK as ? persentasie van die totale belang vermeld word
- 2x2=(4)

3.9 Ontbinding van ? BK**Deregistrasie**

Beteken kansellasië van die registrasie van die Stigtingsverklaring

Vind in die volgende gevalle plaas:

Indien die registrateur glo dat:

- die BK nie besigheid bedryf nie
- die BK nie in werking is nie

Indien die lede by die registrateur aansoek doen omdat:

- BK opgehou het om besigheid te bedryf
 - BK geen bates of laste het nie
- (6)

Likwidasië

Bates van die BK word op ? veiling onder die toesig van die Meester verkoop met die doel om sy krediteure uit die opbrengs te betaal.

(4)
[10]

VRAAG 4 HUUR EN VERHUUR

4.1

- 4.1.1 Ja – Gespesifiseerde eiendom
 Spesifieke tydperk
 Spesifieke bedrag geld as huurgeld
- 3x2=(6)

4.2

- 4.2.1 Geregistreer
- 4.2.2 Drie maande / een maand volgens nuwe wetgewing
- 4.2.3 Verbeuringsbeding of verbreingsklousule
- 4.2.4 Redelike huur
- 4x1=(4)

4.3**4.3.1 Statutêre huurder**

- Sodra die huurkontrak deur tydsverloop of sonder redelike kennisgewing verby is.
 - Solank hy die woning persoonlik bly bewoon, die huurgeld bly betaal soos ooreengekom en die res van die voorwaardes van die kontrak bly nakom.
- 2x2=(4)

4.3.2 **Noodsaaklike verbeterings**

- Huurder het die reg op vergoeding solank hy dit met die toestemming van die eienaar gedoen het.
 - Huurder mag werklike koste eis.
 - Huurder mag dit nie losmaak of verwyder nie.
- 3x2=(6)

4.3.3 **Huur gaan voor koop**

- * Dit het betrekking op huurkontrakte waar die eiendom verkoop word. Die koper kan die huurder nie uitsit nie, solank as die huurder die huurgeld betaal soos uiteengesit in die huurkontrak.
 - * Indien die verhuurder die eiendom verkoop terwyl die huurkontrak nog nie verby is nie, kan die huurder nie benadeel word nie.
 - * Die koper neem die plek van die verhuurder in.
 - * Die nuwe koper van die eiendom is dus nou gebonde aan die huurkontrak indien die volgende voorwaardes nagekom is:
 - # Langtermynkontrak - die huurkontrak moet geregistreer wees
 - # Korttermynkontrak - die koper moes bewus gewees het van die bestaan van die huurkontrak.
- 3x2=(6)

4.4 **Doel van die wet**

- Om bestendigheid van bewoning te besorg
 - Om huurgeld binne perke te hou
- 2x2=(4)

4.5 **Waar die verhuurder versuim om te herstel**

- Die huurder kan die nodige herstelwerk doen en die koste daarvan van die huurgeld aftrek, mits hy/sy die verhuurder vooraf in kennis gestel het van sy voorneme om dit te doen.
 - Die huurder kan in verhouding ? verlaging in die huur vanaf die verhuurder eis.
 - Die huurder kan die eiendom ontruim as dit ongeskik is vir die doeleindes waarvoor dit gehuur is sonder om aanspreeklik te wees vir verdere huurgeld.
- 3x2=(6)

4.6 **Die huurder vrye en ongestoorde gebruik en genot van eiendom te waarborg**

- * Huurder het die vrye gebruik en genieting van die eiendom.
 - * Die verhuurder waarborg dat hy huurder nie sal steur nie
 - * As die verhuurder in gebreke van hierdie waarborg bly, kan die huurder:
 1. Verhuurder dagvaar met of sonder skadevergoeding
 2. Terugtree met of sonder skadevergoeding
 - * By minder ernstige steurings kan die huurder die verhuurder dwing om op te hou, met of sonder skadevergoeding.
- 3x2=(6)

4.7 **Beëindiging van huurkontrakte**

1. Tydsverloop, bv. 10 jaar
2. Kennisgewing, bv. een maand vir ? maandelikse huurkontrak.
3. Deur wedersydse ooreenkoms - dit is wanneer die huurder en verhuurder onderling ooreenkom om die huurkontrak te beëindig.
4. Deur samesmelting - dié gebeur wanneer die huurder die eiendom koop wat hy/sy gehuur het.
5. Deur insolvensie van huurder - indien die kurator kennis gee dat hy/sy namens die insolvente huurder nie verder met die huurkontrak voortgaan nie.
6. Vernietiging van die eiendom - dit moet egter wees sonder dat die huurder of die verhuurder enige aandeel het aan die vernietiging.
7. Kansellasië - in die geval van bedrog.
8. Deur die dood van huurder of verhuurder - dié moet egter vooraf in die Huurkontrak so ooreengekom word.

4x2=(8)

**VRAAG 5
AGENTSKAPPE**

5.1 **Vereistes vir agentskapskontrak****Partye moet gesamentlike ooreenstemming oor die volgende hê**

- * Daar moet ooreenstemming wees oor die diens/werk wat verrig moet word
- * Daar moet ooreenstemming wees oor die vergoeding vir die diens/werk wat verrig word
- * en dat alle regte en pligte die prinsipaal toekom.

3x2=(6)

5.2 **Voorbeelde van gedrag**

- a. ? Persoon laat sy huishulp toe om noodsaaklike huishoudelike benodighede op krediet te koop.
- b. Wanneer die prinsipaal ? skriftelike blanko magtiging teken, is die agente geregtig om daarvan af te lei dat hy/sy as agente die terme kan invul.
- c. Wanneer ? persoon willens en wetens toelaat dat ? ander dade in sy/haar naam verrig, sonder om beswaar te maak, word veronderstel dat hy/sy magtiging verleen het.
- d. ? Ouer uit gewoonte toelaat dat sy/haar kind goedere namens hom/haar op krediet koop.

2x2=(4)

5.3

- 5.3.1 B
- 5.3.2 C
- 5.3.3 A
- 5.3.4 D
- 5.3.5 E
- 5.3.6 F
- 5.3.7 G

7X2=(14)

- 5.4 **Hofsaak Levy vs Philips**
Die beloofde vergoeding volgens ooreenkoms betaal
- * Die prinsipaal moet die beloofde vergoeding soos uiteengesit in die ooreenkoms betaal.
 - * Die agent is geregtig op vergoeding indien hy/sy die opdrag uitgevoer het.
 - * Indien die prinsipaal geen voordeel behaal het uit die kontrak nie of indien die kontrak herroep word, is die agent geregtig op vergoeding.
 - * Dit is nie nodig dat ? agent self die kontrak sluit nie, hy/sy moet slegs die oorsaak van die ooreenkoms gewees het.
 - * As die agent ? moontlike koper bekend stel en daardie bekendstelling tot ? ooreenkoms lei, word dit beskou asof hy/sy die opdrag uitgevoer het en is die agent dan geregtig op vergoeding.
 - * Hofsaak: Doyle vs Gibbon - huis was te koop, later nie deur die agent verkoop nie, maar die agent moes die kommissie ontvang het. 4x2=(8)
- 5.5 **In die volgende gevalle sal delegering wel toegelaat word: / Twee uitsonderings?**
- As die prinsipaal die aanstelling van die sub-agent goedkeur of bekragtig het.
 - As dit ? duidelik erkende handelsgebruik is om subagente aan te stel. 2x2=(4)
- 5.6 **Beëindiging van agentskappe**
- * Deur wedersydse ooreenkoms tussen die prinsipaal of agent
 - * Deur die voltooiing van die opdrag
 - Deur die verstryking van die tydperk waarvoor hy/sy indiens geneem is, bv. 1 jaar
 - * Deur die dood of kranksinnigheid van die prinsipaal en agent
 - * Deur opsegging of herroeping van die opdrag deur die prinsipaal
 - * Insolvensie van die prinsipaal of agent
 - * As die agent sy/haar amp neerlê, onderworpe aan moontlike skadevergoeding 4x2=(8)
- 5.7 **Die plig om rekenskap te gee**
- a. Die agent moet verslag doen of rekenskap gee van alle gelde wat ontvang en uitbetaal is.
 - b. Die agent moet behoorlik boekhou van gelde ontvang en volledige rekenings voorlê.
 - c. Wanneer tekorte ontstaan, sal die agent volledig daarvoor aanspreeklik gehou word. 3x2=(6)

VRAAG 6 BORGSKAP / RETENSIEREGTE

- 6.1.1 A
- 6.1.2 C
- 6.1.3 B
- 6.1.4 B
- 6.1.5 C 5x2=(10)

6.2 Formaliteite by die ontstaan van ? borgkontrak

1. Die borgkontrak ontstaan as gevolg van ? ooreenkoms tussen die skuldeiser en die borg.
2. Die kontrak wat gesluit word, moet skriftelik wees. (Volgens Afdeling 6 van Wet nr. 50)
3. Beide die borg en skuldenaar moet die kontrak onderteken. 3x2=(6)

6.3 Beneficium divisionis

- * Dit ontstaan sodra die skuldeiser die borg aanspreek vir die skuld.
- * Die borg mag hom nou beroep op sy reg van uitwinning en kan eis dat die skuldeiser eers stappe teen die hoofskuldenaar dien.
- * Die skuldeiser moet die geld van die hoofskuldenaar eis.
- * Of die skuldeiser moet ? saak teen die hoofskuldenaar maak by die hof
- * Of beslaglegging op bates van die hoofskuldenaar eis
- * Wanneer die borg hom op hierdie aksie beroep en die aksie lewer niks op nie, is die borg aanspreeklik vir die regskostes.
- * Indien die skuldeiser self regstappe doen, kan die regskostes nie van die borg verhaal word nie.
- * Die borg kan uitdruklik of stilswyend van hierdie reg afstand doen:
 Uitdruklik - as borg hom as borg en medehoofskuldenaar verbind
 Stilswyend - as borg hom nie op die reg beroep nie. 4x2=(8)

6.4 Beëindiging van borg

1. Uitwissing van hoofskuld a.g.v. betaling, verjaring, ens.
2. Verstryking van tydperk, bv. 1 jaar
3. Kennisgewing. Borg hom die reg voorbehou om d.m.v. kennisgewing die borg te beëindig
4. Waar skuldenaar betaling aanbied, weier die skuldeiser die betaling en die skuldenaar raak daarna insolvent 2x2=(4)

6.5 VOORWAARDES:

- Dit moet eiendom wees waaraan geld/arbeid bestee is.
- Die eienaar moet uitdruklik of stilswyend toestemming tot die uitgawes gegee het. 2x2=(4)

6.6

- | | S S-retensiereg | Verrykingsretensiereg |
|----|---------------------------------|------------------------------|
| 1. | Met toestemming | 1. Sonder toestemming |
| 2. | Doel om verpligting te verseker | 2. Doel om eienaar te verryk |
- 4x1=(4)

6.7.1 **Die rol van besit by retensieregte**

1. Die eiser moet **geregtelike** besit oor die eiendom hê. Dit dui op die bedoeling om eiendom tot eie voordeel te hou en fisiese beheer oor die eiendom te hê.
2. Die besit moet **ononderbroke** wees wat beteken dat as die eiser besit vrywillig afstaan hy/sy die besit verloor en dit nie later kan herstel nie.

2x2=(4)

6.7.2 **In die volgende gevalle verloor die skuldeiser nie retensiereg nie:**

- * As die saak op ongeoorloofde wyse, byvoorbeeld deur diefstal uit die skuldeiser se besit geneem word.
- * As die saak aan ? insolvente persoon se kurator gegee word.
- * As die saak as ? prima facie-bewysstuk in die hof gebruik word.

2x2=(4)

6.7.3 **Die boukontraakteur en retensieregte:**

- * ? Boukontraakteur wat ? nuwe gebou oprig, het ? retensiereg teen die eienaar.
- * Feit dat hy besig is met bouwerk is die werksmense se teenwoordigheid genoegsame bewys van sy besit
- * Indien die bouwerk vir ? tydperk gestaak word, moet die gebou omhein word.
- * ? Kennisgewing van oortreders sal vervolg word, is nie genoeg vir retensiereg nie.
- * By voltooiing van die gebou, is terughouding van die sleutels voldoende bewys van besit vir die boukontraakteur.

3x2=(6)
[50]

VRAAG 7 PAND EN VERBAND

7.1

- 7.1.1 Onwaar – geregtelike verband
- 7.1.2 Onwaar – dekkingsverband
- 7.1.3 Waar
- 7.1.4 Waar

(10)

7.2 **Verskille tussen pand en verband****PAND**

1. Roerende eiendom
2. Afgelewer
3. Verjaar na 6 maande

VERBAND

1. Onroerende eiendom
2. Geregistreer
3. Verjaar na 25-30 jaar

4x1=(4)

7.3 **Spesiale verband op onroerende eiendom:**

- * Volgens die Akteswet moet ? spesiale verband op onroerende eiendom geregistreer word.
- * ? Skriftelike dokument (verbandakte) moet deur ? verbanduitmaker opgestel word.
- * Inligting wat in die verbandakte moet verskyn:
 - die eiendom onder verband
 - rente betaalbaar
 - datum en wyse van terugbetaling van geleende kapitaal
 - rente wat gehef word vir wanbetaling en terugbetaling van die koopsom
- * Verbandakte moet deur die eienaar/verbanduitmaker in die teenwoordigheid van die Registrateur van Aktes onderteken word.
- * Die Registrateur van Aktes onderteken die verbandakte en bekragtig dit met ? ampseël.
- * Die verbandakte word in die kantoor van die Registrateur geregistreer.
- * Die verbandakte moet binne 2 maande nadat die skuld aangegaan is vir registrasie ingedien word. 5x2=(10)

7.4

7.4.1 Kustingsbrief

7.4.2 Verband 2x1=(2)

7.5

7.5.1 Regswerking uit die aard van die saak / deur werking van die wet / stilswyende verbande 1x2=(2)

7.5.2 **Voorbeelde:**

- Retensiereg
- Huurder se hipoteek vir agterstallige huur
- Afbetalingshipoteek
- Voorkeure 3x2=(6)

7.6

7.6.1 Renteklousule

7.6.2 Opseggingsklousule 2x2=(4)

7.7 **Beëindiging van verbande en pande**

1. Beëindiging van hoofskuld: Wanneer hoofskuld betaal is, saam met alle rente, word die verband beëindig.
2. Afstanddoening: Wanneer ? verband/pandhouer uitdruklik/stilswyend van sy regte onder ? verband/pand afstand doen, word dit beëindig.
3. Vernietiging van die eiendom: ? Verband/pand word beëindig deur die totale vernietiging van die eiendom, bv. deur brand of ? aardbewing.
4. Beëindiging van die verbandgewer se reg: Wanneer vruggebruik bv. beswaar is en die vruggebruik word beëindig, sal die verband ook beëindig word.
5. Skuldvernuwing: Die vervanging van die oorspronklik skuld/ooreenkoms deur ? nuwe ooreenkoms

6. Skuldvermenging: Dit vind plaas wanneer die verband/pandhouer die besit van die beswaarde eiendom verkry, bv. wanneer ? skuldeiser eienaar word van die eiendom onder verband.
7. Verjaring: ? Verband verjaar na 25 jaar en ? pand na 6 maande.
8. Bevel van die hof: Die hof mag die verband kanselleer, byvoorbeeld waar die verbandgewer verdwyn het of as gevolg van bedrog.
9. Vervreemding van die eiendom deur ? vonnis van die hof:
Wanneer die eiendom onder verband deur die balju van die hof onder ? vonnis van die hof verkoop word, of wanneer die trustee dit by insolvensie van die skuldenaar verkoop, verval die verband.

6x2=(12)
[50]

VRAAG 8 INSOLVENSIE

8.1

- 8.1.1 Insolvensie
- 8.1.2 Sekwestrasie
- 8.1.3 Reël nisi
- 8.1.4 Vrywillige boedeloorgawe
- 8.1.5 Likwidasie

5x2=(10)

8.2 Die afsonderlike boedel van die insolvent se gade

- Die Insolvensiewet is van toepassing op wetlik getroudes en op persone wat saamleef.
- Wanneer die boedel van een van die gades gesekwestreer word, gaan die eiendom van die solvente gade oor op die Meester tot tyd en wyl ? kurator aangestel is.
- Die solvente gade kan by die hof aansoek doen om tydelike vrystelling van oorgang van die bates op die kurator indien hy/sy kan bewys dat:
 - # hy/sy afsonderlik van die insolvent handel dryf.
 - # Hy/sy ernstig benadeel sal word deur die onmiddellike oordrag van sy/haar eiendom.
 - # hy/sy bereid en in staat is om reëlings te tref ter beveiliging van die belange van die insolvente boedel.

5x2=(10)

8.3 Op die vergadering word geleentheid gegee vir:

- die bewys van eise teen die boedel
- die verkiesing van ? kurator
- die ondervraging van die insolvent en van enige ander persoon

3x2=(6)

8.4 **Persone wat onbevoeg is om as kurator op te tree**

- * Insolvente persone
- * ? Minderjarige
- * Alle persone wat nie in Suid-Afrika woonagtig is nie
- * ? Regspersoon
- * Alle aanverwante persone van die insolvent binne die derde graad
- * lemand wat te enige tyd tot gevangenisstraf sonder die keuse van ? boete veroordeel is.
- * lemand wat deur die hof onbevoeg verklaar is

4x1=(4)

8.5 **Pligte van die kurator**

1. Die kurator moet in die Staatskoerant alle skuldenare aansê om hul skulde te betaal.
2. Die kurator moet alle roerende goedere, boeke en geskifte van die skuldenaar in sy/haar besit neem en onder sy/haar beheer neem.
3. Die kurator moet ? bankrekening open by enige bank op die naam van die insolvente boedel.
4. Die kurator moet onmiddellik ? boek aanlê waarin die kurator so spoedig moontlik rekord moet hou van alle gelde, goedere, boeke, rekenings en ander stukke deur hom ontvang.
5. Die kurator mag enige tyd ? algemene vergadering van skuldeisers byeenroep.
6. Die kurator moet, wanneer versoek, spesiale vergaderings van skuldeisers byeenroep.
7. Die kurator mag enige tyd aanbeveel dat enige roerende eiendom na sy mening van die hand gesit behoort te word.
8. Die kurator moet ? verduideliking kry van die insolvent van die redes vir sy insolvensie.
9. Na die 2de byeenkoms van skuldeisers die insolvente boedel tot geld maak.
10. In die Staatskoerant kennis gee van die aanvaarding en die boedel daarvolgens verdeel.

5x2=(10)

8.6 **Vermoënstaat**

8.6.1 **Omskrywing**

- Die vermoënstaat neem die vorm van ? balansstaat van die insolvent aan.
- Dit is ? lys van sowel die bates en laste as die totale tekort van die skuldenaar.

2x2=(4)

8.6.2 **Aanhangsels tot die vermoënstaat:**

- * ? Beskrywing van elke boek wat in die gebruik van die insolvent was op daardie tydstip
- * ? Beskrywing van die redes vir insolvensie
- * Persoonlike besonderhede van die insolvent, soos byvoorbeeld geboorteplek, huwelikstatus, ens.
- * Of die insolvent al sy/haar boedel vantevore gesekwestreer het
- * Hierdie vermoënstaat moet bevestig word deur ? beëdigde verklaring.

3x2=(6)

[50]

VRAAG 9
TESTAMENTE/VERHANDELBARE DOKUMENTE

- 9.1
- 9.1.1 C
- 9.1.2 D
- 9.1.3 F
- 9.1.4 E
- 9.1.5 B
- 9.1.6 A 6X2=(12)
- 9.2
- 9.2.1 meester
erfgename 2x1=(2)
- 9.3 **Formaliteite by die opstel van testamente**
- Die testament moet op skrif wees - dit kan met die hand getik, geskryf of gedruk wees.
 - Die testament moet aan die einde deur die testateur of testatrise geteken word.
 - Indien die testateur/testatrise nie kan skryf nie, moet hul ? merk maak en die landdros moet dit sertifiseer.
 - Die handtekening van die testateur/testatrise moet in die teenwoordigheid van twee getuies onderteken word.
 - Die twee getuies moet die testament attesteer en onderteken.
 - Die getuies teken in die teenwoordigheid van die testateur/testatrise en van mekaar.
 - Elke afsonderlike bladsy van die testament moet onderteken word deur die testateur/testatrise en die twee getuies. (Hierdie wet is in 1994 gewysig). 3x2=(6)
- 9.4
- 9.4.1 B
- 9.4.2 C 2x2=(4)
- 9.5 Tabel A = modelstatuut vir ? **publieke** maatskappy
Tabel B = modelstatuut vir ? **privaat** maatskappy 2x2=(4)
- 9.6 **Beperkings op die naam van die maatskappy**
- Die naam moet geregistreer word.
 - Die naam van ? private mpy. eindig met (Edms.) Beperk, die publieke mpy. met Beperk en die mpy. sonder aandelekapitaal met "Beperk deur garansie".
 - Die naam van ? mpy. mag nie dieselfde wees as die van ? reeds bestaande mpy. nie.
 - Die naam mag verkort/vertaal word.
 - Die registrator kan weier om ? naam te registreer indien die naam onwenslik is.
 - Die naam moet uit minstens drie letters van die alfabet bestaan.
 - Woorde soos regering/staat/bank mag nie in die naam voorkom nie.
 - Die woord "hotel" met betrekking tot eiendom waar verblyf verskaf word, is verbode tensy die eiendom vir daardie doel geregistreer is. 3x2=(6)

9.7		
9.7.1	Tjek	
9.7.2	Kruising	2x2=(4)
9.8		
9.8.1	Weiering van tjeks (dishonoring)	
*	As die tjek onvolledig ingevul is / nie geteken is nie	
*	Indien die woorde en syfers op die tjek van mekaar verskil	
*	Indien die tjek vooruitgedateer is	3x2=(6)
9.8.2	nie oordraagbaar = kan nie aan ? ander persoon oorgedra word nie OF kan slegs in rekening van nemer gedeponeer word. nie verhandelbaar = kan nie oor die toonbank gewissel word nie OF kan oorgedra word en in ander bankrekening inbetaal word.	2x2=(4)
9.8.3	BOB bank	(2)
		[50]
	TOTAAL:	300